KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 294 **22 November 2010**

TOULEIER

Wie kan ons raakry op ons trippie in Duskantland?

Hallo Julle,
Nou ja, hier is ons by die derde laaste uitgawe van Kammanuus vir die jaar. Ek en Kamermaatjie skud al klaar die veertjies reg vir ons vlug na Duskantland vir Krismis.

Dié keer vlieg ons sommer reguit Slaapstad toe. Wou eers die Karoo bekruip het vanuit die weste omdat Rita van Lill ons genooi het om 'n botteltjie Koos Wye Voete (Nogal 'n Roodebergie) te kom optel in Clanwilliam. Annabelle hou ook mos van toer met 'n wye draai - hoe groter die sirkel hoe beter!

Nee wat, ons ry 'n maatjie se kar en gaan kortpad vat, noord kyk en die tonnel deursteek. Hoekom ek so roete uitlê, is omrede baie lesers al gevra het wanneer kom maak ons dan 'n draai. Hier is die res van die toerprogram, laat weet maar as jy êrens naby die spoor gaan wees. Miskien is daar tyd vir 'n koppie tee of 'n knertsie:

Dingaansdag land ons innie Kaap in. Die volgend oggend Richmond toe, gastehuis toe, waar ma goed en sussie Wilna wag. Karootjoppies tot die 20ste toe.
Dan 'n viertrek huur en Koupan Kalahari toe vir 'n paar dae om weer die rooi sand van my kinderdae tussen die tone te voel en vir Kamermaatjie wys hoe 'n witgat-boom lyk. Daar waar mens die meeste sterre in die wêreld saans sien uitkom as die jakkalse begin huil.
Krismis weer in Richmond. Nuwejaar af Boggomsbaai na Danie en Antoinette. Via Graaff Reinet of Oudtshoorn?
Die 2de Jannewarie Hermanus, Sandbaai omgewing waar ons Ansie en Voete se kar terug moet gee. Die 6de klim ons weer silwervoël midde ooste toe. Sjoe, klaar moeg gery, gelukkig bly die lus groot.

Hoe kan mens dan anders as huis toe verlang, veral as lesers sulke stories oor goeie reën en donderstorms oor die Karoo vertel aan 'n mens wat woon in die woestyn? Die wat nog nie vir Retha Kruger ken nie, mis iets. Hierdie meisie het die kuns om 'n ervaring van haar so te vertel dat jy dit ruik, proe en voel asof jy self daar is.

Hier is 'n paar uittreksels uit haar dagboek op *So Maak Mens* van 10 November:

"So word dit eergister skielik om half drie skemer in die bos.
Skollie skaaphond van my kom eerste, soek bang skuiling by my voete. Die katte kom een een die huis ingehardloop. Die bosvoëltjies raak stil. Windbuie breek en vou kermend om die groen stoeptralies wat wegsmelt teen die bos se agtergrond….die grys skaliewalle aan die oorkantste oewer word amper wasig wit ingekleur, elke kontoer met wit nagetrek, die rivierriete se nuwe pluime dansend in die kokende waters waarin druppels plonsend mosaïekbeelde vorm. Afgebreekte riete begin met die stroom afdryf...
Veel later, breek die laaste son weer deur, asof daar geen storm was nie. Net die swart grys wolke op die einders anderkant die laaste koppe en die veraf gedreun bevestig dat die storm deur en aanbeweeg het. Die bosvloer lê wit gekorrel, soos ryspoeding gestip met botterklontjies, bedek en omring deur 'n groen blare tapyt wat soos vla tussen die krakies van die bos invloei.

'n Flenter reënboog breek effens deur tussen die oewerbosbome wat hangblaar oor ons afkyk in stille meelewing oor die een reus wat nou omgewaai sy wortels die lug in wys.
Ook geen wonder dat *So Maak Mens* so vinnig aansien gekry het op Onsdorp nie. Gaan loer gerus in en deel in haar unieke styl. Die skakel is:
www.onsdorp.com/somaakmens

Groete tot oor twee weke,

Hennie en Annabelle Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

Allegaartjie

VREEMDE WETTE

Wêreldwyd het 'n paar vreemde wette op die wetboek gebly.

In DANVILLE, Pennsilvanië, moet alle brandkrane getoets word 'n uur voordat 'n brand uitbreek.

In CONNERSVILLE, Wisconsin, is dit onwettig vir 'n man om 'n geweer te vuur terwyl sy vrou 'n orgasme het.

In PENNSILVANIË mag jy nie 'n banknoot aan 'n lyn vasmaak en dit terugtrek as iemand probeer om dit op te tel nie.

Vrouebestuurders 2009: GOUE MEDALJE

Beste kortverhaal

Die kollegeklas moes 'n kortverhaal met so min as moontlik woorde skryf met die volgende bestanddele:
(1) Godsdiens (2) Seksualiteit (3) Misterie. Een student het 'n A+ vir hierdie storie gekry:

"Goeie Vader! Ek is swanger! Ek wonder wie dit gedoen het?"

Lekker in die Reënboogland

Jy weet jy is in die Nuwe SA wanneer:

☐ Jy vir die taxi's van links en regs wag as die robot groen word.
☐ Jy verras en verheug is as jy jou kar kry waar jy hom geparkeer het.
☐ Hulle besig is met 'n supersneltreinprojek, maar die paaie is vol slaggate.
☐ Jy jou kar se registrasienommer op sy dak verf.
☐ Jy jou eie beddegoed en kos saamneem as jy tot 'n staatshospitaal toegelaat word.
☐ Jy dink dis 'n goeie maand as jy net een keer gekaap word.

Goeie nag!

HOLLAND
Goeten naght.

AUSTRALIË
G'night mate.

DUITSLAND
Slafin sie wol.

SUID-AFRIKA

Is die deure gesluit?

Is die vensters toegemaak?

Is die kar ingetrek en is al die alarms geaktiveer?

Is die Rotweilers veilig?

Is jou vuurwapen langs jou bed en is hy gelaai?

Is jou selfoon gelaai as ons die buurtwag moet bel en ons landlyn is afgesny?

Los al die ligte aan. Eskom sal dit sommer namens ons afsit.

UIT DIE MOND VAN 'N KLEUTER

Ingestuur deur Johan Mostert

Ampie is 'n beesboer. Goeie mens, uit een stuk gesny. Hy het 'n seuntjie wat ten tye van die episode sowat drie jaar oud was. 'n Regte klein bulletjie. Volg sy pa soos 'n skaduwee oral op die plaas rond.

Sondag gaan hulle kerk toe. Eers vertrek Ma en Ouma met die motor. Pa en seun is nog by die beeste besig; en hulle volg later met die bakkie.

Ná die diens, by die teedrinkery, vertel Ma dat sy die Benz se uitlaat gehaak het, en dit klink nie te goed nie. Ampie moet tog kyk of sy so kan huis toe ry.

Daar langs die kerksaal trek hy sy swart baadjie uit en seil onder die kar in. En seuntjie agterna. Nuuskierige omstanders ook.
Dominee vra: "Hoe lyk dit, broer Ampie?"

Die driejarige seuntjie loer onder uit: "Die fotten ding is fattap!"

Geskokte stilte.

Dominee: "Broer Ampie?"

Ampie (loer nie onder die kar uit nie): "Dominee, ek is bevrees die kind is reg."

Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com

DIE DRIE VARKIES

Gewoonlik jaag die wolf mos altyd die drie varkies. Maar skielik het dit verander, want die wolf het al 'n paar dae nie die varkies gepla nie. Die varkies raak toe bekommerd en besluit om hom te besoek.
Toe hulle by sy huis kom, klop hulle versigtig aan die deur en hulle skrik almal toe hy antwoord:
"Wie is daar?"
"Ons is die drie varkies. Is jy nog oukei?"
"Ja, ek is oukei. En voetsek, ek het Slams gedraai!"

Die wêreld se mooiste waterval

BAKLEIERY

Leeu is besig om hiëna vreeslik te karnuffel. Bobbejaan sit bo in die boom en toekyk.
Ná die bakleiery vra hiëna verontwaardig: "Hel, hoekom help jy my nie, ek's nou amper doodgemaak!"
Bobbejaan: "Maar jy het so gegiggel, ek dog jy wen."

BOT TOE

Koos kom heel romanties by sy vrou en sê: "Jou liggaam is vir my soos 'n tempel."

Sy vrou sê: "Onthou net, daar is nie vanaand 'n diens nie!"

VREEMD

Die man kom by die kroeg in, bestel 'n dubbel brandewyn, slaan dit weg, stap teen die muur op, al met die plafon langs en by die deur uit.

"Dis baie vreemd?" sê een van die drinkebroers.

"Ja," sê die kroegman. "Gewoonlik bestel hy net 'n enkel."

ENSOVOORTS (Ens.)

'n Afkorting wat gebruik word om mense te laat dink jy weet meer as wat jy weet.

PETOORSIE KUIER OP DIE PLAAS

Die klas was op 'n plaasbesoek en die juffrou vra watter geluide hulle gehoor het.
Sannie: "Kwaak! Kwaak!"
Lettie: "Moee! Moee!"
Marie: "Mêêê! Mêêê!"
Petoorsie: "Klim nou dadelik van daai blerrie trekker af!"

PAPPA SE TRIEKS

Klein seuntjie: "Ek is bly ouma het kom kuier, want nou gaan pappa vir ons sy trieks wys!"

Ouma: "Watter tricks?"

Seun: "Hy het gesê as Ouma weer kom kuier, gaan hy teen die mure uitklim en sy broek vuilmaak!"

BEDAGSAAM

Na 10 jaar van huwelik bars vrou uit in trane. "Wat nou?" vra haar man. "Jy's nie meer bedagsaam nie!" snik sy.
"Miskien nie," sê hy. "Maar ons is darem snags saam!"

BRA DIESELFDE

Wat is die ooreenkomste tussen ’n bra en bar? Altwee het dieselfde letters, is drinkplekke, het beperkte oop- en toemaak tye en as hulle oop is, raak mans mal.

ANDY CAPP deur Smythe

AFSPRAKE MET VROUE

WIT VROUE

Eerste afspraak:
Jy mag haar goeienag soen.
Tweede afspraak:
Jy word toegelaat om haar te bevoel en te betas.
Derde afspraak:
Jy word toegelaat om seks met haar te hê, maar net wanneer sy wil en net in een posisie.

IERSE VROUE

Eerste afspraak::
Julle word albei stormdronk en geniet seks.
Tweede afspraak::
Julle word albei stormdronk en geniet seks.
20ste huweliksherdenking:
Julle word albei stormdronk en geniet seks.

ITALIAANSE VROUE

Eerste afspraak:
Jy neem haar na die opera en 'n duur restaurant.
Tweede afspraak:
Jy ontmoet haar ma. Sy maak spaghetti en frikadelle.
Derde afspraak:
Julle geniet seks. Sy wil trou en dring aan op 'n 3 karaat ring.
Vyfde herdenking:
Julle het vyf kinders en haat die idee van seks.
Sesde herdenking:
Jy skaf vir jou 'n skelmpie aan.

CHINESE VROUE

Eerste afspraak:
Jy koop vir haar 'n duur ete, maar niks gebeur nie.
Tweede afspraak:
Jy koop vir haar nog 'n duurder ete, maar niks gebeur nie.
Derde afspraak:
Jy kanselleer die afspraak want jy weet daar gaan niks gebeur nie.

INDIESE VROUE

Eerste afspraak:
Jy ontmoet haar ouers.
Tweede afspraak:
Bepaal die huweliksdatum.
Derde afspraak:
Huweliksnag.

SWART VROUE

Eerste afspraak: Jy koop vir haar 'n baie duur ete.
Tweede afspraak: Jy koop vir haar en haar vriendinne 'n baie duur ete.
Derde afspraak: Jy begin haar huur betaal.
Tiende afspraak: Sy is swanger, maar jy is nie die pa nie.

MEKSIKAANSE VROUE

Eerste afspraak:
Jy koop vir haar 'n duur ete, raak dronk op Tequila en geniet seks agter in haar motor.
Tweede afspraak:
Sy is swanger.
Derde afspraak:
Sy trek by jou in. 'n Week later trek haar ma en pa, twee susters, haar broer, al hul kinders, haar ouma, haar suster se kêrel en drie kinders by jou in. Jy leef vir die res van jou lewe op rys en boontjies.

JOODSE VROUE

Eerste afspraak:
Jy sal al jou geld moet uitgee om 'n indruk te maak.
Tweede afspraak:
Jy gaan 'n lening aan om jou beeld te behou.
Derde afspraak:
Jy is bankrot. Sy kry 'n kêrel wat ryker is.

EN WAT IS DIE PUNT?

Is Ierse vroue nie wonderlik nie?

DIE LYKSKOUING

Kallie is in 'n vuur dood en sy lyk was erg verbrand. Die lykshuis moes iemand kry om die lyk te identifiseer, en ontbied sy twee beste vriende, Hans en Maans. Die drie van hulle was onafskeidbaar en het alles saam gedoen.

Hans het eerste opgedaag, en die lykskouer lig die laken van Kallie se lyk.

"Ja," sê Hans. "Hy is sleg verbrand. Rol hom op sy maag."

Die lykskouer maak so.

"Nee," sê Hans. "Is nie Kallie nie."

'n Rukkie later daag Maans op, en dieselfde ding gebeur: Die lykskouer moet Kallie op sy maag draai, en Maans sê dis nie Kallie nie.

"Hoe weet jy dit?" vra die lykskouer.

"Want Kallie het twee poepolle gehad," sê Maans.

"Wat!" roep die lykskouer verbaas. "Twéé poepolle?"

"Ja," sê Maans. "Ek en hy en Hans was altyd saam, en as die mense ons sien, het hulle altyd gesê: 'Kyk, daar is Kallie weer met sy twee poepolle.'"

Nuwe Element Ontdek in Suid-Afrika

Die Kernfisika Departement van Stellenbosch het s opas die swaarste element nog bekend aan die mens ontdek.

Die nuwe element, Goewermentinium (Gv), het een neutrale neuroon. Hoewel 'n neuroon per definisie klaar neutraal is, is hierdie een heelwat meer passief. Goewermentinium het ook 25 assistentneurone, wat elk weer 88 assistentneurone het. Elkeen van hulle het 198 onderassistent-neurone.

Dit gee Goewermentinium 'n atoomgewig van 312.

Hierdie 312 partikels word saamgebind deur kragte wat bekend staan as morone. Morone word omring deur ’n reuse hoeveelheid leeglê-agtige partikels genaamd pionne.

Omdat Goewermentinium geen elektrone besit nie, is dit onaktief. Dit kan wel waargeneem word omdat dit alle ander elemente waarmee dit in aanraking kom, se normale reaksies vertraag. Net ’n klein hoeveelheid van Goewermentinium kan ’n reaksie wat gewoonlik net sekondes neem om te gebeur, vertraag met tussen 4 dae tot 4 jaar.

Goewermentinium se normale halfleeftyd is 2 tot 6 jaar. Dit vergaan egter nie, maar ondergaan slegs ’n herorganisasie waartydens ’n gedeelte van sy assistent-neurone slegs plekke ruil met ander onderassistent-neurone en selfs met morone.

Dit beteken ook dat Goewermentinium se massa oor tyd sal vermeerder aangesien daar tydens die proses baie nuwe morone opgradeer word na neurone wat dan iso-idiote vorm.

Hierdie eienskap van moroon promosie laat wetenskaplikes tot die gevolgtrekking kom dat Goewermentinium gevorm word wanneer morone ’n kritiese konsentrasie bereik.

Daar word na hierdie hipotetiese hoeveelhede verwys as Kritiese Moerasvorming. Daar word ook vermoed dat dit bestaan sedert die oerknal, vandaar die verwysing na die swart kolk of swart gat.

Sodra Goewermentinium gemeng word met Geldinium, vorm dit Chaotikum-Adminstratium wat weer net so onaktief is soos Goewermentinium, want hoewel dit die helfte soveel pionne besit, het dit twee keer soveel morone.

SO IS DIT NOU MAAR . . .

☐ Politici en babadoeke het een ding in gemeen. Albei moet gereeld verwissel word en vir presies dieselfde rede.
☐ As ek met jou saamstem, gaan ons albei verkeerd wees.
☐ Ons leef in 'n tyd waar pizza vinniger by jou huis aankom as die polisie.
☐ Hoe kan 'n enkele argelose vuurhoutjie 'n bosbrand veroorsaak, maar dit neem 'n hele boksie om 'n kampvuur mee te begin?

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Uit die skatkis van ou resepte

Uit my ARGIEFSKATKIS, vol van TOEKA se RESEPTE, kom die inspirasie en nostalgiese hunkering om hierdie resepte te laat voortleef!
Ek plaas een van die ou skatte, met onderaan 'n jonger eweknie!

Vul vroegtydig die koekblikke met hierdie gunstelinge!

HANDTERTJIES KONFYTTERTJIES (1895)

HISTORIESE RESEP		ALTERNATIEF
1	pd meel [450 g / 2 k / 500 ml]	*3/4 pd / 340 ml*
1	pd botter [500g / 2 k]	*½ pd / 250 ml / 1 k*
	Sout na smaak	*Sout EN ½ t bakpoeier*
½	pint vloeistof bestaande uit geel van 1 eier goed geklits, 1 e suurlemoensap of asyn, en koue water, klits baie goed saam. [285-300 ml]	*1 eier met net genoeg water om 'n rolbare deeg aan te maak*
	Druk al die water uit die botter en deel botter in drie. Sif meel en sout saam. Vryf 1/3 van botter in meel in, maak aan met helfte van die vloeistof, knie baie goed tot dit soos gomlastiek voel. Rol deeg uit. Rasper een van die oorblywende 1/3 botter bo oor uitgerolde deeg. Strooi effens meel oor, vou toe en laat rus 'n rukkie. Rol weer dun uit. Rasper laaste botter oor, strooi liggies meel en vou toe, rol weer dun uit. Druk deeg nou af in ronde, vierkantige of driehoekige tertjies. As dit toe tertjies is, word appelkooskonfyt dadelik ingesit, as dit oop tertjies is, bak eers die doppies en dan word die konfyt later ingesit. Smeer tertjies met wit van eier en bak in oond vir 15–20 minute.	Deel botter in drie. Sif meel, sout en bp. saam. Vryf 1/3 van botter in, maak verder aan met eier en water, knie baie goed tot dit soos gomlastiek voel. Rol deeg uit. Volg res van resep soos vermeld.

VINNIGE STAATMAKERRESEP (Usakos pastorie)

9	k meel
500	g botter
	Sout na smaak
3	k room
	Meng meel en botter. Sny room in met mes en meng. Rol uit -nie te dun nie, so 7 mm dik. Druk sirkels uit en sit bietjie YSKOUE konfyt in die middel. Smeer kante met geklitste eier en melk. Vou een helfte oor en druk vas. Smeer eier en melk ook bo-oor tertjie. Bak in warm oond tot goudbruin.

KORSIES en KRUMMELTJIES:
* Laat die deeg sowat 10 minute rus na elke toevou voor elke uitrol, dit verseker dat die botter beter deur die deeg versprei.
* Om te keer dat toe-tertjies se konfyt uitloop: Klits 1 eierwit en 1 teelepel suiker goed en smeer aan rand, OF Meng 1 e meel op 1 k appelkooskonfyt, en gebruik yskoud.
* 1 pt = 570 ml = 2 k
* By http://www.onsdorp.com/somaakmens/nuttige_info.html kan jy nuttige omskakelings tabelle en meer aflaai.

Jou bydrae kan van onskatbare waarde wees, stuur jou oudste resepte met die datum -om en by- en vanwaar of van wie jy dit bekom het, aan my:
rethajm@gmail.com

DEFINISIE
Sigaret: 'n Knypie tabak toegerol in 'n stukkie papier, met 'n kooltjie aan die een kant en 'n dommerd aan die ander kant.

STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom
Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

ROSSOUW/OPPERMAN
Ek soek al weer 'n Rossouw wat met 'n Opperman deurmekaar was. Kyk bietjie of jy haar ken 'seblief?
Sy is Johanna Susanna ROSSOUW, gebore 8 Aug 1895 in Pietermaritzburg en gesterf 6 Jan 1968 in Pretoria. Sy's op 22 Jan 1929 te Vryheid, Natal getroud met Willem Abraham OPPERMAN. Willem is gebore 5 Aug 1901 of 1902 te Dannhauser, Natal, gedoop op 3 Okt 1902 te Newcastle en gesterf 18 Aug 1961 te Odendaalsrus, Vrystaat. Hulle was woonagtig op Vryheid, Wasbank, Pretoria en Odendaalsrus. Willem was 'n boer en later amptenaar van die Landbou-kooperasie.
Willem se ouers was Diederick Johannes OPPERMAN gebore 28 Nov 1862 Dannhauser gesterf 15 Apr 1942 Vryheid en Louisa Petronella CRONJE gebore 5 Jun 1870 Ladysmith gesterf 1 Okt 1925. Willem en Johanna het 2 kinders, Diederick Johannes OPPERMAN wat met Martha Susanna BOTES getroud is en Susanna Elizabeth OPPERMAN wat met Maartin Ludolph FRIEDRICH getroud is.
Derick.Opperman@eskom.co.za

KINDERLIKE RAAD

WAT IS DIE BESTE OUDERDOM OM OP TE TROU?
Vier-en-tagtig, want dan hoef 'n mens nie meer te werk nie, en kan julle die hele dag lank vir mekaar lief wees in die slaapkamer.
(Judy 8).

WAT DOEN MENS OP 'N "DATE"?
Op die eerste date, vertel hulle net vir mekaar leuens. Dan is hulle gewoonlik so geïnteresseerd, dat hulle maklik op 'n tweede afspraak gaan.
(Mike 10)

MAXINE

Mans kla altyd dat ons hulle versmoor. Ek dink as ons hulle nog kan hoor, druk ons nie hard genoeg op die kussing nie.

Die geheim om 'n bottel wyn te geniet

1. Maak hom oop sodat hy kan asemhaal.

2. As dit lyk of dit nie werk nie, gee hom mond-tot-mond asemhaling.

Dit geld natuurlik net vir rooiwyn. Witwyn kan baie nuttig wees as jy nie slaaisous het nie.

PETOORSIE en Sondaemiddae se knippie

Die enigste manier vir die Pretoriusse om 'n Sondagmiddag-knippie in te kry was deur hul 8-jarige seunjie, Petoorsie, met 'n GROOT suigstokkie op die balkon uit te stuur, met die versoek dat hy oor die omgewing, bure en straat se aktiwiteite moet rapporteer.

Hy begin sy kommentaar só terwyl pa en ma hulle plan in aksie stel:
"Daar word 'n kar uit die parkeerterrein gesleep.
"'n Ambulans is nou net hier verby.
"Die Andersons het kuiermense gekry.
"Marius het 'n nuwe fiets.
"Dit lyk of die Standers besig is om te trek.
"Jason ry al weer op sy skaatsplank.
Ná 'n rukkie kondig hy aan: "Die Willemses is besig met seks!"
Geskok vlieg ma en pa regop op die bed en pa vra versigtig: "Hoe weet jy hulle het seks?"
"Want Anton staan op hulle balkon met 'n suigstokkie!"

BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

Musiekfees was 'n treffer

Daleen Janse van Rensburg:

Ons was 'n lekker, gesellige groepie Mense wat die fees bygewoon het (vir die 1ste keer). En 'n fees der feeste was dit voorwaar!

Ons het dit verskriklik baie geniet, afgesien van die vreeslike hitte - dit was alles deur en deur die moeite werd en ja, baie goed beplan deur Agriforum! Soos jy seker al teen hierdie tyd weet, was daar baie meer mense as by die vorige feeste, wat 'n bewys is dat die Afrikaners graag die tipe feeste wil bywoon.

Steve Hofmeyr vermaak die groot feesskare by die Afrikaanse fees in Pretoria.

Wat die mense se gedrag aanbetref, was dit myns insiens nie te sleg nie, afgesien van die feit dat dit 'n skreiende skande is om te sien hoeveel jong mense (skoolkinders), dronk was en hul wangedra het. Gelukkig het die sekuriteitsmense wat daar was, vinnig plan gemaak met sulke belhammels!

Ek het byvoorbeeld toe ek op 'n stadium kleedkamer toe was, 'n pragtige, jong meisiekind sien lê op 2 stoele wat teenaanmekaar geskuif was. Die dame wat die toilette skoonmaak was baie bekommerd oor haar, my gevra om asb. 'n ambulansman te stuur om te kom kyk of sy ok is. Ek het in haar nek 'n pols gevoel wat my sodoende die indruk gegee het dat die meisiekind uitge"pass" het a.g.v. drank! Sy kan blerrie bly wees sy's nie my kind nie hoor!

Maar behalwe vir die dronkenskap van ons jeug, was dit regtig baie goed georganiseerd en sal ons dit beslis 'n jaarlikse instelling maak om by te woon.

Die Epol-dieet

Nou die dag gaan koop ek 'n sak Epol-hondekos by Pick n Pay. Terwyl ek so in die ry staan, vra 'n vrou agter my of ek 'n hond het. Sommer aspris, sê ek vir haar: Nee, ek het nie 'n hond nie - ek begin weer met die Epol-dieet.

Ek sien sy kyk my so snaaks aan, maar ek gaan aan:

"Eintlik weet ek dat ek nie weer op die dieet moet gaan nie, want laas keer het ek in die hospitaal beland. Wakker geword in die intensiewe eenheid met pype wat uit elke gaaitjie in my lyf kom . Maar ek het 22kg verloor en dit was die moeite werd."

Ek vertel haar dat die Epol-dieet eintlik volledig voedsaam is met al die vitamines en minerale wat mens nodig het. En dis so maklik! Al wat jy doen is om jou broeksakke vol te maak met Epol-pille en jy eet een of twee wanneer jy ookal honger voel.

Teen hierdie tyd luister al wat 'n persoon is na my storie - veral die ou wat agter die vrou staan.

Heel geskok vra die vrou my toe of ek in die hospitaal beland het van voedselvergifting.

Ek antwoord toe: "Nee, ek het in die straat gesit en my stert gelek toe 'n kar my raakry!"
Die gehoor se gebrul was die tyd en die moeite werd . . .

Laatnag-lesing

Die polisie stop 'n beskonke man wat teen middernag op straat is en vra waarheen hy gaan.
"Ek is op pad na 'n lesing oor die uitwerking van alkohol en dwelms op die menslike gestel," antwoord hy.
Polisieman: "En wie gee dié tyd van die nag lesings?"
"My vrou," sê die man.

AGTEROS

'n Mañana-oomblik is goud werd

Deur JO' VAN TONDER

Die Spaanse woord Mañana word op 'n stuk of dertig maniere foutief gespel. Dit is die Spanjaarde se woord vir "ontspan, kalmeer, rus 'n bietjie."

Dié woord pas in Afrika: Die mense het baie tyd, min dringendheid. Dis ons voorreg, maar ons weet nie hoe om dit reg te gebruik nie. Oor ons vergeet ons is boorlinge hier, ware Afrikane, nie Westerlinge nie.

Oor ons vergeet van ons Afrika-son en ons Afrika-kleure en ons Afrika-geure, oor ons vergeet om stil te staan en dit net in te neem wanneer ons met ons wit gesiggies soms wonder hoekom ons vlugteling-voorvaders ons hier in 'n god-verlate land kom plant het, onthou dan van mañana.

Een minuut diékant toe en een minuut daaikant toe, is leef-tyd. Mañana-tyd. Dit is die tyd wat jy kan waarneem wat om jou aangaan, kyk of jy in ander se harte kan insien, of om net bietjie binnekant toe te kyk. Dis altyd waardevolle tyd, enige plek in Afrika, enige tyd in Afrika...

Adem die vars seelug se sproei diep in. Proe die somer sweetdruppels op jou bolip. Voel die Bosveldson se bruin op jou vel. Ruik die besembossies se veldparfuum. Stap kaalvoet in ons rooi Kal'ari-sand. Sit net 'n bietjie langer stil op een plek en hoor die boom-eekhorinkies se tandjies op krummels knars...

'n Mañana-oomblik is goud werd.

□ □ □

Die afdak waar die mans werskaf, is fluit-afstand van die spreekkamer af, net anderkant die groentebeddings. Manlief sweis so nou en dan as dit 'n stil dag is en wanneer ons tuinboukundige die graaf of die grassnyer of die sproeiers gebreek het.

Of as hy 'n skuinsplaat maak dat die Jack Russel en die eende nie onder die hekkie deurkruip nie. Sulke goed. En hy het 'n *grinder*, waarmee hy liewer versigtiger moet wees.

Niël het uit sy klere gegroei, en uit sy tekkies uit, en uit sy krieketkolf, en uit sy fiets. Manlief en Martin diens toe die fiets, want dan kan Simson, die tuin-ingenieur, dit maar kry.

Nog splinternuut, die ketting moet vervang word, kyk na die brieke, so aan. Maar die ratte krap so bietjie, almal is nie altyd ewe geduldig nie, en Manlief weet ek gaan nou-nou weer vir hom wink oor die mense al sit en wag.

Terwyl hulle twee stoei om die dinge reg te maak, kom die volgende pasiënt al aan en gaan sit. 'Fall in line.' En wag. Hulle is op Afrika-tyd. Dis net, as hulle te lank wag, dan skakel ek ongelukkig weer terug na Greenwich-tyd.

Die een windgat pasiënt maak heeltyd opmerkings oor hoe ek moet maak dat die blindings nie skeef hang nie, en oor die lugversorger en hoe ek dit moet en hoe ek dat moet. Klink na 'n handige een. Hy's eintlik net hier om gou sy bloeddruk na te gaan.

"Mister Seseng, you are so clever about everything, do you know anything about bicycles?"

"Yeah... I can fix almost everything. Why?"

"Then maybe, you can go and help the doctor and his son to fix Simson's bicycle, and then the patients do not have to wait."

Ek wys hom waar die twee langs die afdak staan en sweet. Hy staan op, kom loer by die deur uit, kyk vir so 'n sekonde of twee, en gaan sit toe weer ewe rustig. Hy sal wag.

Almal kyk hom vraend aan. Hy trek net sy skouers op.
"No-o-o-o-o, let them bond..."